

AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOI  
AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOI



# Stroom-op

EERSTE TERMYN

MAART 1982

## Gasvroueskool bring Gees beker huis toe!



### huis toe!

“Wat kan ’n mens sê van ’n skool wat die gasvroue op Interhoër is, fyn gedrag openbaar, puik dissipline en ’n ongekende gees die hele dag toon en dan nog met die geesbeker huis toe kom?” Dit was Nerina se woorde Vrydag na die groot dag. Al antwoord wat ’n mens vir haar kan gee, is dat ’n mens net kan sê dat die skool Meisieshoër moet wees. Want waar in Pretoria kry ’n mens nog so ’n skool?

Holtzhausen wat die hele dag se son moes trotseer en nogtans die aand fris daaruit gesien het!

Interhoër 1982 was ’n dag wat niemand gou sal vergeet nie. Van die oggend vroeg toe ons dirigente soos feetjies hulle verskyning gemaak het, deur die dag toe Affies met hoedjies en stokkies die wrede son getrotseer het, tot die laatmiddag toe ons soos mal goed die geesbeker toegejuig het. Die hele dag was een groot Affie-fees!

Aan die buitestaander wat dalk nou dink dat ons ’n hoë dunk van ons self het, wil ek dadelik sê dat dit glad nie die geval is nie. Want dit wat ons Donderdag op Interhoër aan die publiek gewys het, was net die gevolg van harde werk en nogmaals werk.

Aan die matrieks wat hulle laaste Interhoër gehou het, wil ons net sê ons hoop dat julle Interhoër ’82 nooit sal vergeet nie. Hoewel ’n mens dit betwyfel na die tranerige “sal ons ons ou kennisse ooit vergeet” en die beroemde swembadritueel (Affies ons hoop dit word tradisie)

Interhoër ’82 was meer as net ’n sukses.

Daarom wil die Stroom-op spesiale hulde aan die persoon wat agter alles gestaan het, Juffrou du Plooy, bring. Juffrou, baie dankie vir al u reëlings en moeite. Sonder u sou Interhoër nie naastenby ’n sukses gewees het nie. Dankie aan Juffrou

### Aanhouer...!



## AFFIE SOSIAAL 1982

As ’n mens deur “Die Lig” (jaarblad) van AHS van Pretoria blaai, is dit opvallend dat daar verslag gedoen word nie net van akademiese- en sportprestasies nie, maar ook van allerlei aktiwiteite op kulturele gebied.

Die blaasorkes het ’n instelling geword by Affies se saalopeninge. Almal aanvaar dit al as vanselfsprekend om die saal op die maat van “Heidi” of “The Saints go Marching” te verlaat. Die orkes handhaaf ’n hoë standaard en het al 92% behaal in ’n kunswedstryd.

Ook beskik die skool oor lewendige Afrikaans en Engelse debatsverenigings. Leerlinge neem ook deel aan die Junior Stadsraad van Pretoria waarin sommige al in hoë ampte aangestel is.

’n Besondere aktiwiteit is die fotografieklub terwyl die Media-sentrumraad daarvan getuig dat boeke, tydskrifte, foto’s, films, skyfies en klankopnames ’n groot rol in die skool speel.

Op sosiale gebied kan leerlinge ook aansluit by die kunstklub wat gereeld kunsuitstallings reël. En dan



moet die Voortrekkers nie buite rekening gelaat word nie. Hoë standarde word vir die Affies-Voortrekker- en Matriekverkenner gestel wat gereeld deelneem aan die Presidentsverkennerkampe.

Vir die meer avontuurlike Affies is daar die buitegroep wat uithouvermoë, veldkennis en praktiese oorlewing in die natuur toets.

Laaste maar nie die minste nie

vorm die matriekafskied ’n belangrike aktiwiteit op sosiale gebied — dit verg organisasievermoë en oorspronklikheid om elke jaar hierdie byeenkoms vir die senior Affies te reël.

Die leerlinge van Affies is versprei oor ’n groot woongebied en dit is dus nie maklik vir Affies om nog aan kulturele aktiwiteite deel te neem nie. Daarom is Affies trots op sy kulturele lewe.

### Hoekom Paasseëls?

Jy met jou gesonde liggaam, verstand en gees, weet jy in watter bevoorregte posisie jy verkeer? Dink byvoorbeeld net daaraan om môre sonder ’n arm oor die weg te kom wat verhoed dat jy dalk môre ’n parapleeg kan wees?

In Suid-Afrika is daar duisende gestremdes wat weens die een of ander gebrek spesiale apparaat, aandag of behandeling nodig het. Waar kom die fondse vir al hierdie noodsaaklikhede vandaan? Weet jy nou waarom die verkoop van paasseëls noodsaaklik is?

Gelukkig kan daar met trots gesê word dat Affies sy deel bydra as dit by die verkoop van paasseëls kom. Die afgelope sewe jaar het die Afrikaanse Hoër Seunskool die skild wat aan die Hoërskool wat die meeste Paasseëls verkoop het toegeken word, verower. Verlede jaar is die mooi bedrag van tweeduisende sewehonderd rand ingesamel.

Affies, gaan ons dié jaar weer die skild verower en die bedrag opstoot na vierduisend rand?

Help dié wat hulp nodig het, miskien is jy môre een van hulle.



# REDAKSIONEEL

## BESIN EN BESLUIT SELF

### REDAKTEUR

Ons, die jeug van Suid-Afrika, is geestelik te weerloos, té slap, té negatief om môre die leisels van ons sonnige land op te neem en seëvierend alle gevare en probleme te trotseer en die hoof te bied.

Net so belaglik as wat dit is om 'n skip met 'n gat in sy romp die oop see in te stuur en te hoop die skip sal nie sink nie, net so lagwekkend is dit om te hoop dat die jeug, wat soveel tekortkominge openbaar, môre in staat sal wees om kop bo water te hou in hierdie deurmekaar wêreld van vandag.

Voor ons daartoe in staat sal wees, moet ons eers die gate in ons eie bote herstel. Elkeen van ons, moet by onself begin, ons eie foute raaksien — dan reeds het ons al baie bereik — en dit regstel.

Ons kan egter nie verwag om slegs resultate te verkry as ons by ons gróót foute begin nie. Ons moet bereid wees om by ons kleinste foutjies wat ons as nietighede beskou te begin om sodoende 'n stewige fondament vir ons toekoms te bou. 'n Imposante woning met groot vensters en wye deure sal immers nie bly staan as sy fundamente foutief is nie. Dus, heel eerste moet ons sorg dat ons fondament reg is.

Ons kon begin om ons fondament reg te stel in ons verhoudingsleuse, nl., ons lewe t.o.v. ons meerderes ons minderes, onself en die belangrikste t.o.v. God. Reeds in die skool moet ons leer om ons meerderes te gehoorsaam en te respekteer. Hier is dissipline sekerlik die belangrikste faktor. Ook teenoor ons minderes kan ons baie meer verdraagsaam optree asook liefdevol. Dan, die heel belangrikste moet ons lewens volgens God se wet ingerig wees. Ons lewens kan dus nie net horisontaal gerig wees nie, maar moet ook vertikaal gerig wees.

Nadat ons, ons vergewis het dat ons verhoudingslewe korrek is, kan ons ons toespits op die vermeerdering van kennis, kennis van ons vyande, hulle ideologie, aanvalsmetodes en lewensbeskouings. 'n Mens kan nooit sê jy is jou vyand se meerdere

voordat jy alles en nog wat van sy lewensopvatting weet nie. Tergelykertyd kan ons, ons kennis aangaande ons landsake en ons land se posisie in die internasionale wêreld verbeter.

Al wat ons dan nog kortkom, is nasietrots en die vasberadenheid om ons land te behou, kom wat wil. Teen só 'n jeug, het die buitewêreld geen wapen nie; die jeug is immers die ruggraat van 'n volk.

Dan sal daar onder ons leiers ontstaan wat soos 'n dr. Verwoerd kan sê: "Ons sal lewe, ons sal sterwe, ons vir jou Suid-Afrika."



### REDAKTRISE

As 'n mens terugkyk oor die gebeure van die eerste termyn, kan 'n mens met 'n tevrede gevoel sê dat ons dié jaar op 'n baie goeie noot begin het. Sommer gou was dit duidelik dat ons nie sommer só 'n Hoofmeisie het nie. En Nerina het ons sedertdien nog nie teleurgestel nie. Ook die matrieks het die jaar vol gees aangepak en 'n reuse sukses van die groentjekonsert asook, saam met al die ander

Affies, van Interhuis en Interhoër gemaak. Tog begin ons, nou dat die blink van die nuwe jaar afgewas is en net die harde akademie voorlê, verslap. Kom Affies, vang weer gees, kom ons maak van die twee termyne wat voorlê net so 'n sukses as die eerste!

'n Baie groot dankie aan al die lede van die redaksie wat so hard gewerk het.

### REDAKSIE

*Redakteur/ise:* G. Cloete. & S. van Blerk.

*Subredakteur/ise:* M. Coetzee. & A. le Roux.

*Hulthuur:* E. Schoombie. & M. Naude,  
E. Smith.

*Sport:* D. Oosthuizen, & E. Strauss.  
J. de Klerk.

*Fotografie:* A. Smart, & T. du Piesanie. M. Botha  
J. Cilliers. Y. Kruger

*Advertensies:* N. Angelo, A. van Niekerk.

*Algemeen:* W. Koen, & N. Reed,  
J. Maritz, C. Koch  
C. Botes.

### JUNIOR STADSRAAD VAN PRETORIA

Soos op vele ander gebiede blink Affies ook in die Junior Stadsraad uit. Vra maar vir enige raadslid watter fenomenale reeks leiers Affies al daar opgelewer het.

Vra iemand vir jou wat word daar eintlik gedoen, dit nogal moeilik om hom te antwoord, want dit het niks met belastings of water-en-ligterekenings soos die Stadsraad van Pretoria te doen nie. Vergaderings word daar gehou, en sommer baie van hulle. Dan leer jy sommer iets van vergaderingsprosedure. Wat eintlik daar gedoen word, is om funksies te reël wat die mense van Pretoria raak. Daan is byvoorbeeld onlangs 'n Jeugdag op Kerkplein, 'n Dag vir Gestremdes en 'n Pret-draf op Loftus gehou. Al hierdie funksies was suksesse in 'n mindere of meerdere mate. Verder word dar gewerk om afdrukke te versprei van die wenner van 'n "Hou Pretoria Skoon" plakkaatkompetisie wat onlangs deur ons gehou is. Die ander plakkaat word in die Sanlamsentrum uitgestal.

Vir die toekoms word daar 'n magdom goed beplan. Wat 'n mens kan noem, is 'n Dag vir Senior Burgers (oumense), 'n Matraspringmarathon, 'n modeparade en nog vele andere. Wat net so belangrik is, dat ons dit by die Junior Stadsraad geniet en dus leiers van môre leer nou al hoe om sake te organiseer. Vir die standerd agts wat nou hulle termyn in die Junior Stadsraad gaan begin, sê ons alles van die beste en hou Affies se naam hoog.

### Wetenskap- klub

Soos julle seker weet, is dit vanjaar die eerste jaar dat ons 'n Wetenskapklub het. Ons beplan verskeie uitstappies, onder andere na die Universiteit van Pretoria, YSKOR en UNISA se sterrewag. Daar sal ons meer vertel word oor verskillende interessante onderwerpe.

Ons het tot dusver al 'n paar films gesien. Mev. Randall het ook aan ons verduidelik hoe 'n paar van die fyn meetinstrumente werk. Daarmee kon ons selfs die dikte van ons hare bepaal.

Die doel van die wetenskapklub is om die leerlinge se belangstelling te wek en om interessante eksperimente en uitstappies te onderneem.

### "English in Concert"

Directly after the English Debating Society for 1982 was announced, we started organizing our first debate. It was decided that we would not adopt the conventional "discussion" debates but will give the Affies a variety show of their whole school career! Announcements were made and within a week's time about fifty standard sixes were chosen as dancers in the opening sequence. A 'simtonic' orchestra, selected from members at the brass and Cadet band as well as some "sisters" from across the street was flung together and rehearsals started. For everything that had to be done there was somebody appointed. Two professional dancers, a PACT make-up artist as well as many technicians were called in to help.

The show itself consisted of a first half, which featured a "space" dance routine and at her musical numbers and the second half which featured well-known extracts from popular musicals. Evan Schaambic and Francois Theron featured as "Ché" and "Eva Peron" in the extract from the rock opera Evita. Francois also featured as "Frank in Further" from the "Reek, Harral picture show" other numbers which were heard were; "the was old friends do"; "I sit or if I call you mine" etc. We would like to thank all those who worked so hard to make our dream of a "Broadway" musical show, a reality when you read this article the evening will be something of the past. May all the memories we have of it, be good one!

Francois Theron  
Std. 10B

# Operasie Rosette

19 Februarie het aangebreek. Daar heers 2 groot vrese onder die matrieks: die Bioloë het hul benedkinge of al honderd en weet nie hoeveel van hulle in die arme bus gaan pas wat in geduldige afwagting voor die saal staan en wag, terwyl 35 oorblywende matrieks se grootste vrees is dat daar dalk vandag tóg gewerk gaan word — NIEMAND het iets in die lyn van 'n boek by die skool nie.

Ons vrese was egter heeltemal onnodig, want die dieretuinbesoekers hét in hul bus ingepas en Nerina se afkondiging het ons verseker dat ons gaan werk — aan rosette!!

Nét na saal het al 35 van ons nog met al die entoesiasme van die wêreld op die arme prefektekamer toegesak, en as daardie arme blou, nie-bedoel-om-oor-te-loop-nie, mat gewet het wat wag op hom, het hy sekerlik stiltejies verdamp.

Nerina het aan ons verduidelik wat die hele spulletjie behels, en nadat ons die hele skool se onnies toegeval het met! "Het Juffrou nie dalk asseblief vir ons 'n krambinder en 'n skêr nie?", het ons begin werk. Die eerste paar sirkeltjies is nog met die grootste sorg en netheid getrek en die eerste paar rolle (van die ±100!) kreukelpapier is óók nog met gróót akkuraatheid in 3cm-eenhede afgemeet. Maar namate die periodes ewe rustig vir die res van die skool voortgeploeter het, het ons toewyding afgeneem, die musiek al harder en joliger geword en dinge soos karamelhorinkies, eintlik bedoel vir 'n pouse-verkoping, al meer gewild. Ons ywer het weer eienaardig toegeneem na Nerina met 4 liter koeldrank daar opgedaag het. Dit het só vrolik (én werkend!) gegaan dat arme Mev. Randall 'n hele paar keer

moes kom stilte vra vir haar Skeinatskrywende leerlinge.

Toe die klok om 11 uur vir pouse lui, was ons nog so fluks besig, dat ons vir nog 5 min. vasgeanker gesit het, tot ons skielik besluit het dis nou tyd om 'n bietjie gees te vang. Ons het met "Bi-ba-bu-lu-la" deur die skool gemarsjeer, en dit só geesdriftig gedoen dat ons algou 'n skare blou volgelingen gehad het. Tê gou het die klok weer aan die end van pouse gelui, maar 35 opnuut gemotiveerde matrieks het weer begin rosette maak, alhoewel sommiges eers gou 'n blitsige slapie of twee ingekry het!

Toe die dieretuin-bioloë om 13h20 hier aanland, het ons gou 'n baie moeilike, maar tog geslaagde, poging aangewend om die prefektekamer skoon te kry, en toe het die laaste Matriek net eenvoudig verkas.

Die Matrieks was uitgeput, maar, MATRIEKS BÓ!!



# Die jaar van die bejaarde

**“Vanjaar sal hulle jou weglê in die aarde, die groen heuwel heuwelland van Noord-Vrystaat, boervrou met breë, betroubare hande:**

drie klein swart familie, die agter kleinkind met sy blom die dominee en die gepaste teks...” Stilweg het daar vandag weer 'n oumens gesterf. Soos die woorde in Lina Spies se gedig “Begraving van 'n ouma” aandui, is die familie, kleinkinders en die dominee daar, maar alhoewel hulle oënskynlik rou, wonder 'n mens vir hoe lank. Miskien net tot die testament gelees word en ouma “ons ryk nalaat!”

Iemand het gesê dat niks 'n familie so naby aanmekaar bring soos die dood nie. Na ouma se dood het die kleinkinders en skoon dogters letterlik

oor hulle voete geval om al die reëlins vir die ter aarde bestelling reg te kry”. Maar hoekom wag tot ná die oumens se dood om goed te doen?

Dit is ons plig om die lewens so gerieflik moontlik vir ons oumensies te maak sodat hulle laaste dae op aarde aangenaam kan wees.

Onlangs was daar deur die jongmens-gemeentelede van 'n sekere Christelike kerk, 'n ete vir al die oumense van die gemeente gehou. Die dankbaarheid in die oë en op die verrimpelde gesigte was onbeskryflik. Dit het boekdele gesprek oor hoë ons bejaardes dit waardeer.

1982 — Jaar van die bejaarde wat is u bydrae? Kom ons maak nie net hierdie jaar nie maar altyd die lewens van ons geliefde oumense makliker. U kan begin deur net 'n bejaarde oor die straat te help, deur net te wys u gee om en te help waar u kan. Onthou, jy sal ook eendag oud word.

Wit, grys en sagte hare, swak oë en liggaam en verrimpelde gesigte sal ook die plek van jou huidige jong gelaatstrekke inneem...

“Ek voel dit dan aan alle ding wat in die nagstrand my omring, die wêreld is ons woning nie”

Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.

## Hoekom die A.H.S. koor uniek is.

Almal is seker al bekend met ons skool se geskiedenis en sal verstaan dat ons “Affies” bare trots is op hom en sy geskiedenis — 'n skool wat op 28 Januarie 1920 tot stand gekom het.

Dit was die eerste suiwer Afrikaans-medium hoërskool in Pretoria met mnr Frank le Roux as die eerste hoof van die skool.

On te dink dat ons in 1930 die eerste Afrikaanse enkelgeslagskool in Suid-Afrika en in die wêreld was nadat besluit is om twee afsonderlike skole, die Afrikaanse Hoër Seunskool en Afrikaanse Hoër Meisieskool te stig, want die skoolgebou (wat tans die gebou van die Afrikaanse Hoër Meisieskool is) het te klein geword.

Ons is dankbaar teenoor die mense wat destyds die inisiatief geneem het om te sorg vir die opvoeding van ons Afrikaner-kinders in ons eie moedertaal. Die geskiedenis van die Afrikaanse Hoër Seuns en Meisieskole is dus ook die geskiedenis van die Afrikaner.

Met so 'n geskiedenis en uit dankbaarheid teenoor almal wat bygedra het om die skool op te bou en dit te maak wat dit vandag is, moet ook ons, ons deel bydra en net ons beste gee.

So 'n skool met tradisie, met vaste beginsels en 'n erekode kan net daartoe bydra om ons doelgerig en karaktervas te maak. Hier word ons gebrei en gevorm vir die lewe sodat ons eendag ons plek kan volstaan in die samelewing en onder die Afrikanervolk.

Daar is ook baie oud-affies wat vir ons 'n goeie voorbeeld stel en ons trots laat voel dat hulle oud-Affies is en op ons beurt wil ons alles doen om hulle trots te laat voel op hulle ou skool.


## Klassieke klub

'n Baie begeesterde Klassieke Klub, o.l.v. 'n nog meer begeesterde Juf. Visser, het besluit dat die st. 9- en 10-leerlinge van AHM & AHS 'n uiters dringende behoefte aan kennis aangaande Marcus Tullius Cicero ondervind en 'n Cicero-middag is gereël vir 4 Februarie.

Nadat ons die nodige uitnodigings gerig het, het ons begin vrees dat ons spreekster dalk met die banke sou moes praat, maar volgens die getroue Affie-tradisie (!) het ons broers ons geensins teleurgestel nie en in groot getalle opgedaag!

Toe almal uiteindelik rustig was in K.23, (wat blykbaar vir sekere persone 'n probleem moes wees, te oordeel aan die tempo waarmee dinge gedoen is), het Solet almal op baie paslike wyse verwelkom. Mev. Torr, 'n oud-Affie, het eers aan elkeen van ons 'n afgerolde opsomming gegee wat toe sy breedvoerig en interessant met ons behandel het. Vir diegene wat toe nog onder die indruk was dat Cicero net lang en ingewikkelde Latynse toesprake teen arme Verres geskryf het (en dit net sodat ons arme, domme matrieks dit moet vertaal!), het daar beslis 'n hele nuwe wêreld oopgegaan! (Met apologie aan Mev. Schoeman)

Mag die Latynleerlinge van beide skole nog in die loop van hierdie jaar 'n vraag oor Cicero kry — en ek wens dit in die besonder toe aan diegene wat hulle opsommings ewe kalm op die vloer laat lê het...



## C.S.V. — 'n lus of... 'n las?

Die C.S.V. (Christelike Studente Vereniging) is 'n vereniging vir Christene en in die besonder, vir jongmense.

Die meeste van ons weet dat Affies 'n C.S.V. het en dat Woensdag C.S.V.-dag is, maar min Affies weet dat dit nie maar net nóg een van Affies se baie klubs is nie. Daar bestaan talle wanopvattinge oor die C.S.V., onder andere dat dit net vir die lidmate van die N.G.-kerk is.

Nee Affies, julle is verkeerd. Enige een van enige kerk is welkom. Die lede van die C.S.V. is mense wat hulle Christenskap prakties probeer uitleef. Deur saam met ander Christene Bybelstudie te doen, word 'n mens se geloof versterk. C.S.V. is die plek waar elkeen wat die naam Christen dra, haar gelaat kan uitleef en opbou.

Dit is teleurstelend om te sien hoe min Affies die byeenkomst op Woensdae en Vrydrae bywoon. Die hoofbyeenkoms is van Vrydae na Woensdae verskuif, om meer Affies die geleentheid te bied om dit by te woon. Die opkoms was aanvanklik besonder goed toe daar gesing is en

sprekers van buite genooi is. Maar nadat ons Bybelstudies begin het, doog net 'n landjievol op.

Waar lê die fout, Affies? Is dit te veel gevra om 'n halfuur per week behalwe Sondae — dertig minute — aan Hom af te staan? Jesus Christus het vir ons alles gegee sy lewe, sodat ons kan lewe, maar wat gee ons? 'n Uur elke Sondagoggend en 'n uur Sondagoggend, stiltetyd daaglik waarin ons 'n stapel versoeke aframmel.

Jesus Christus vra van jou ook iets, Affie — jou tyd. Hy vra een pouse 'n week van jou. Is dit REGTIG te veel gevra?

## Noord-Sotho-klub

Die lede en vriende van die Noord-Sotho-klub het op Vrydag 12 Februarie in 'n massa opgedaag, om na dr. Gerhard Oosthuizen te kom luister. Hy het ons toegesprek oor die sterk geloof van die Swartmense in die bonatuurlike.

Hulle aanvaar dinge soos toordery, ongelukke, geluk, bestaan van geeste en waarsêery net so natuurlik as wat hulle die sonsopkoms elke dag aanvaar. Vir hulle bestaan die wêreld uit mense, diere, plante, die natuur en die bonatuurlike. Elkeen van hierdie elemente het 'n plek in die samelewing en nie een is oorheersend of ondergeskik aan 'n ander element nie.

Hulle glo vas in die uitsprake van die toordokter, voorbodes, toorwerkings en hierdie soort dinge. Hierdie geloof is so sterk dat dit soms die Westerse invloedse skoon oorheers.

Die klub beplan groot ding vir die res van die jaar en hul doel daarmee is om die Swartmense en hul gewoontes beter te leer ken.

## Kunsklub 1982

Die verklarende woordeboek beskryf die woord “kuns” as 'n besondere vaardigheid of manier van doen, en dit is presies wat elke Woensdagmiddag in die kunsklub gebeur. Elke belangstellende in kuns kry geleentheid om sy gunsteling medium bv. potlood, pen en ink, houtsnede en selfs leerwerk te beoefen, onder die leierskap van meneer Deichmann.

Onlangs is daar weer opgemerk hoe bekwaam mnr. Deichman is toe hy sy eie uitstalling “Homage to Aleris Pieller” onder die tema “Geestelike wording” gehou het, en groot sukses behaal het.

'n Kunstenaar kan net verbeter deur baie oefening te kry en hiermee help die kunsklub baie. Niemand sal weet hoe salig dit is om in 'n ontspanne en informele atmosfeer, met goeie musiek, iets te skep, totdat hy dit self ondervind het nie. 'n Mens voel weer nuut en vars nadat jy 'n hele middag aan 'n kunswerk gewy het en die reaksie is “Dit lyk puik... ek is werklik tevrede...”!!

## Afrikaanse debat

Marius Coetzee

Die afrikaanse Debatsvereniging is verkies en Stroom-op wil die volgende leerlinge wat verkies is alle sterkte vir die jaar toewens: Jannie du Preez (voorsitter); Marius Coetzee (onder-voorsitter); Robert Brand (sekretaris) met Albert van Niekerk en

Die bestuur het met goeie organisasie vir ons wonderlike aand gereël. Dit het so 'n bietjie afgewyk van die normale. Die hoofitem van die debat was “Die polisie”. Daar is 'n film “Magnum Force” vertoon; die film is net voor die klimaks gestop. Daar het twee individuele sprekers oor die polisie gepraat. Hulle onderwerpe was: “Moet die polisie onder die wet staan.”

Na pouse was daar 'n sangitem. Ondertussen het die onderskeie panele beraadslaag oor wat in die Film gaan volg, toe het die standerd nege en matrieks panele mekaar gepak. Die matrieks het soos gewoonlik die standerd neges heeltemal oorskadu en hulle was feitlik dadelik op die regte spoor en het feitlik elke vraag die beste beantwoord.

Jannie het toe die samevatting waargeneem. Hierna is dit laaste deel van die film vertoon. Al at dit bewys het, was dat die matrieks wel elke keer op die regte antwoord gekom het.

Ons sê baie dankie vir dié Afrikaanse Debatsvereniging wat vir ons so 'n pragtige aand moontlik gemaak het.

## A.H.S.-blaasorkes — Geskiedkundige oorsig

In die begin van die vyftigerjare het die Suid Afrikaanse Weermag aan omtrent 20 skole in die Transvaal, blaasorkes-instrumente uitgereik met die doel om militêre musiek te bevorder en musikante vir militêre orkeste op te lei. Sover bekend is die AHS-blaasorkes die enigste orkes wat bly bestaan het. Die ander het waarskynlik doodgeloop by gebrek van 'n goeie afrigter en dirigent. Verskeie oud-lede van die orkes het dan ook tydens hulle nasionale diensplig in militêre orkeste dwarsdeur die land opgetree.

Die eerste dirigent van die orkes was mnr. Paul van Zuilenburg. Hy is tans verbonde aan die Musiekkultuur van die Universiteit van Stellenbosch. In 1960 het staf-sersant Piet Poolen by hom oorgeneem. Hy het sy musiekopleiding in Duitsland ontvang. Hy was tot 1982 aan die S.A.W.-leërorkes verbonde, waar hy eers trompet en later tuba gespeel het.

Die blaasorkes het al 'n hele paar keer goed presteer op Pretoriaanse kunswedstryds. Hulle tree gereeld op by konserte en funksies waar hulle Affies se beeld na die publiek baie goed uitdra. Die orkes speel ook tydens skoolopeninge en soortgelyke geleenthede.

Die orkes kry aan die einde van elke jaar 'n terugslag as die ervare matrieks die skool verlaat. Dit was

vanjaar weer eens die geval toe ons van byna al ons eerste trompette afskeid moes neem. As die orkes eers op sy toppunt is, speel dit programme van klassiek tot popmusiek met die klem op militêre musiek.


Ons wens die blaasorkes alle sukses toe vir die jaar wat voorlê.

## Kadetorkes

Vanjaar het die orkes vroeg met hernieuwe ywer begin oefen vir die kompetisie wat later vanjaar sal plaasvind. Daar word beoog om al die bewegings en musiek vir die kompetisie reeds voor die einde van die termyn ingeoefen te hê.

Daar het baie nuwe lede, veral standerd sesse aan die begin van die jaar by die orkes aangesluit met die gevolg dat 'n goeie standaard opgebou moet word met die oog op die kompetisie. Siende dat die orkes verlede jaar minder goed gevaar het, sien ons daarna uit om verlore aansien te herwin.

Daar vind drie kompetisies plaas, nl. die Pretoria, Noord-Transvaal en uiteindelik die Transvaalkompetisie as ons kan voortbou op die standaard wat reeds bereik is, vertrou ons dat ons al die bekere sal verower en ook op die Transvaalkompetisie goed sal vaar.





# My eerste week op Affies

Woensdagoggend 6 Januarie, my eerste dag op Affies! Vroeg die oggend het ek by die skool aangekom – uitgevat van kop tot tone in my splinternuwe skooldrag. Daar was egter 'n foutjie! Ons mag nie dasse dra nie! Toe ek my tas in die vierkant neersit, roep 'n matriek my. "standerd ses! Wat staan jy nog daar! Kom help om hierdie muur regop te hou!" Die volle tien minute voor die klok lui, moet ek toe maar staan en muur regop hou. Die klok het gelui en die teken is gegee om in die saal in te stap. Ons, vars uit die laerskool soos ons is, stap ewe gesels, gesels in die saal in. Daar het ons ons rieme lelik styf geloop!

Later is ons in ons klasse ingedeel en ons het begin gerus voel. Waar is al die vreeslike ontgroening waarvan ons gehoor het? "dit lyk my dit gaan lekker hier in Affies", het ons vir mekaar gesê. "Famous last words!"

En so was dit toe ook toe ons die saal binnestap. Ons het die prefekte hier deeglik "ontmoet!" "Bly stil skilfers!" Ons wou nog so ewe op die stoele gaan sit toe bulder 'n prefek: "O nee! Op julle knieë standerd sesse op julle knieë! En so sal julle vir die res van die dag bly staan as julle nie nou stilbly nie!" Terwyl meester Marius Coetzee ons vertel het hoe sleg en hoë klein ons is, het ons knieë al seerder begin word. Mnr. Edwards het ons toe 'n bietjie kom vertel van die geskiedenis van ons skool. Om so 'n beroende meneer in ons skool te hê... g'n wonder ons het sy praatjie met luide applous beloon nie! Hy was egter skaars buite of die duivel was los in die saal! "Wat se gehandeklap is dit?" bulder meneer Marius oor die mikrofoon. Ons is toe vir 'n volle uur onderrig in die kuns van Affiehandeklap.

Die volgende oggend was dit anders. Ons het almal agter 'n tamaai kartonbord wat om ons nekke gehang het, uitgeloer, party kleinerige ouens met moeite! Ons "curriculum vitae" was op die bord uitgestal: eie naam (baie klein); my matriek se naam (baie groot). Om te wys dat ons nou

mooi groot begin word, moes ons elkeen 'n meisie na A.H.M. se bioskoop op Vrydagaand neem. Vir die meeste ouens was dit maar 'n nuwe ding maar daar was darem 'n paar ouens wat ervaring gehad het. Die volgende stap was Affie – word, anders gestel, die toets! Vroeër in die week het ons elkeen 'n pamflet oor Affieland gekry, en die moes ons toe ken! "As jy onder 95% vir hierdie toets het, word jy geborsel!" is ons bangemaak. Dit was inderdaad sô; somer baie van die ouens is geborsel: snaaks genoeg, waar dit in die laerskool sewe jaar se vrugtelose arbeid gekos het om ons te leer memoriseer, het Affies se prefekte dit vir ons in dae geleel!

Nou was dit nog net die afsluiting van ons Affiewording die groentjekonsert! Ons het 'n "cabaret" gehad, 'n modeparade, 'n popgroep, Queen

## Pretoria-Oos Gemeente Katkisantekamp

Op Vrydag die 8ste Januarie het 'n groep van so om en by 70 Affies by die Pretoria-Oos Kerk bymekaar gekom. Na 'n geskarrel het ons elkeen nessesie geskop in 'n oorvol bus. So eg aan Affietradisie het ons by die eienaar van 'n kafee net anderkant die Hartbeespoortdam 'n vreugdevolle en hoogs betalende besoek afgelê.

Na nog so 'n warm halfuurtjie se ry, het ons by die Magaliesbergse kampterrein aangekom. Aanvanklik was daar 'n effense misverstand by die meisies (veral by dié wat 'n hoë pos in die koshuis beklee) oor die verdeling van die kampterrein tussen die ouens en die meisies. Nadat dit egter opgelos is, het ons in groepe van agt verdeel en in ons kamers ingetrek. Die uitpak was gou verby en spoedig het ons kennisgemaak met die skril geluid van dominee Beette se fluitjie, wat ons keer op keer die naweek tot orde gewing het, wanneer die opgewondenheid vir ons te veel geword het.

en selfs ons kan dit skaars glo. Ons is nou Affies! Ons kon ons dasse aansit en ons name op die ererol gaan teken!

Na 'n baie lang week en 'n half kon ons eindelijk as volwaardige Affies begin rondgaan. Nou is die huissport al verby, ons interhoër is al iets van die verlede, en ons het al teen ons gesore vyand, Grey College gewen en verloor. Ons het ook al kadette gehad en skyfgeskiet. Party het by die koor of by een van die orkeste aangesluit; ons is al Affies. Ons weet wat is die ideale Affie; ons het al toetse geskryf en pak gekry.

Baie van ons het, soos ek, ouer broers wat al hier deur is, 'n pa wat 'n oud-leerling is, selfs oupas of grootouers – ons vorm 'n skakel van 'n tradisie wat al lank teruggaan en nog lank sal voortgaan. Maar van hier onder af lyk die matrieks baie groot en ek wonder dikwels of ons, 1982 se skilfer, ook eendag hier sal uitstap as 'n man onder manne. Maar wat, die hoop beskaam nie!

# Ons eie Di?



Twaelinge? ↓



## Die eerste termyn se "Liefdeskonneksies"

Hierdie termyn se konneksies is gekenmerk deur onse hoofseun wat prins geword het (Prins Charming Charles Coetzee). Lady DI maak van hom 'n waardiger hoofseun; maar intussen het die Varkie 'n emmertjie raakgeloop, maar toe hy die Emmertjie optel, het sy bloedrooi gebloos. Toe druk die Vark die Emmertjie nog vaster vas. (Vark wat hy is).

Daar het egter ander sterretjies begin skyn vir Oom Albert want hy het sommer 'n dubbele L wat hy by hom dra. Konserwatief aan die begin, maar 'n belowende toekoms. So ook vir Vos want hy is op jag na 'n Pot-as hy haar in die hande kry...! Net so suksesvol is Van in sy jagtog op Mig's "non capit aquila muscas".

Om die pers nog verder af te kamp het Steyn vir Van Wyk om hulp gevra (Hy gaan nie hulle name hier keer nie). Op dieselfde werf het Pikkie vir Ot-toe gepik, somer sulke Elle lange Pikkies. Die Poedel het daarna gekom, maar nie belangstel nie totdat sy Koos gewaar het. Wat 'n geblaf het dit nie afgegee nie. Terwyl die Poedel so gesoek het, het Nico aan-aan gespeel en na 'n paalspring kon hy skree Het-tha(ar).

In die speletjie het Gustav se knoop afgespring en sy toevlug na Elna geneem. Ilse was onfiks en toe sy so blaas het sy Stoney (gemmerbier) gekry. Trudi glo aan Wet en orde. Truida speel die speletjie drie-spronge op 'n slag (Cilliers).

Die Dakotie was op 'n roetinevlug maar weens tegniese probleme gaan staan sy toe. Die ewige gentleman Theuns het stilgehou en deesdae ry hulle sommer saam. Die Petro(1) was klaar Raai waarom...? Sy hou 'n "Louw profiel".

## Plaag tref Affies

My aarde – wat is dit? Volgens woordvoerders van die Dierbeskermingsvereniging het 'n plaag basterbrakke – afkomstig uit verskeie oorde – Affieland getref. Gelukkig, het daar spoedig uit Engeland, 'n groep opgeleide hondetemmers, nl. die "Woodhouse Tem-organisasie" ook in Affieland opgedaag. Hulle flink optrede en deurstellingsvermoë het binne 'n paar dae al resultate gelewer.

Die eerste tekens van verbetering by die brakke was die feit dat hulle die eerste funksie by A.H.M. in groot getalle bygewoon het – nogal elkeen met haar eie basterbrak vriend!

Die groot dag het eindelijk aangebreek. Die hoofhond in Affieland, Julius Caesar en die Woodhouse-dames was reg vir aksie – en so ook die basterbrakke – Die hele groentjekonsert het puik verloop – en het ook mej Holtzhausen, Julius Caesar en die Woodhouse – dames se goedkeuring weggedra!

Die dierebeskermingsvereniging is bly om te sê dat die basterbrakplaag totaal en al onder beheer is.



## Dank van dirigente

Namens die dirigente wil ek net 'n paar bedankings en dalk 'n paar aanbevelings vir die toekoms doen.

In die eerste plek wil ons net vir mnr. Roesch bedank vir sy goeie samewerking. Ons wil vir hom dankie sê dat hy so verstaanbaar was. Hy was bereid om te luister en te praat oor punte waar ons as dirigente en hy as hoof van die skool verskil het. Dit was hy wat sonder oorweging vir ons toestemming gegee het om pouses oor te gaan na die meisies en daar vir hulle te gaan sing. Dit was hy wat die moeite gedoen het om met hulle "Sing-songs" in die middag te reël. Meneer Roesch, namens die dirigente en namens die skool, dankie vir u samewerking en organisering.

Dan wil ons dirigente ook ons opregte dank aan mnr. Botha en mev. Bester oordra. Sonder hulle sou ons nie naby so goed georganiseerd gewees het nie. Ons wil aan mnr. Botha dankie sê dat hy bereid was om sy tyd op te offer om ons "Sing Songs" 'n sukses te maak. Dit was hy wat vir ons die nuutgebore tradisie in die skool ingebring het, nl. om bekend te wees as die seunskool wat die beste sing. Ons as dirigente wil namens die skool ook

dankie sê vir die nuwe liedjies. Dit was liedjies soos "Groenspan op die veld", "Net oral waar die oog kan sien" en die nuwe "toejuig" en die "Vragie vra" wat ons 'n 4e plek in die geesbekeerafdeling besorg het. Dit is liedjies wat deur die Affies saamgedra sal word.

Dan wil ons dirigente ook 'n spesiale woordjie van dank aan mev. Bester oordra. Sonder u samewerking sou ons nooit ons uniforms gereed gehad het nie. Dankie vir die organisering i.v.m. die geld en die wonderlike idees wat u vir ons gegee het.

Laaste, maar nie die minste nie, aan ons mede-Affies. Aanvanklik was dit moeilik om julle aandag te kry en julle aan die sing te kry. Maar julle as Affies het julle weer vir die soveelste maal bewys. Die welbekende eienskap van 'n nuwe Affie, nl. die samewerking as daarvoor gevra word, is weer eens deur julle onderstreep. Ons wil dankie sê vir julle samewerking. Die Affies het dalk nou nie almal opgedaag by die "Sing Songs" nie, maar dié wat wel daar was, beskou ons as ware Affies.

Nogmaals dankie vir almal se samewerking gedurende die atletiekseisoen.






# KOSHUIS BO!!!

Die koshuis het vanjaar weer eens met 'n goeie wegspring die jaar se wedloop begin. Daar het 'n gees van opgewondenheid onder die ouens aan die begin van die jaar geheers.

Soos vele van die vorige jare was daar weer 'n span, hierdie keer die Rooies, wat daarop staatgemaak het dat hulle die koshuis kan klop. Die koshuismanne het egter gewys dat as 'n mens saamstaan en enduit vasbyt daar niks is wat jou kan stuit nie. Vir die eerste keer is daar ook twee geesbekers toegeken, een vir die meisies en een vir die seuns. Hoewel die Koshuis gesamentlik die atletiekbeker gewen het, het die Koshuis se meisies ook nog die geesbeker gewen met die Koshuis-seuns se bystand. Die beker vir die seuns span wat die beste gees gehad het, is deur die Hartbeeste gewen.

Net om te wys dat die koshuismanne nie net buitemuurs bobaas is nie, wil ons net daarop wys dat die twee manne wat verlede jaar sewe onderskeidings behaal het albei in die koshuis was.


Nieteenstaande die koshuis kos en baie toe naweke het die koshuis al weer gewys wat dit beteken om as een man saam te staan. Ons wil net vir die onderwysers dankie sê vir die bystand en die hoop uitspreek dat ons lekker sal saamwerk vir die res van die jaar.



Die merkwaardige verhaal van . . . Eendag was daar 'n broek. En hoor hier meisies, nie sommer enige broek nie! Hy kon 'n 400m in 50,8s hardloop en sy verspringtegniek kon net nie oortref word nie. Daarby was hy nog hoofseun van die koshuis ook. Uit betroubare bronne is ook verneem dat hy nie net één Valentynskaartjie ontvang het nie, maar genoeg om 'n waardige bewonderaarsklub mee op te bou.

Snaaks, maar menige meisies het al 'n sug gesug as hulle sy naam hoor, en diégene wat al met hom kontak gehad het (het sy met oë of met gedagtes) is verval in 'n droomverlore uitdrukking vir 'n week.

Nou ja, Der . . . (moet anoniem bly om streng veiligheidsrede). Ons wag vir kommentaar in die volgende Stroom-Op.



## 'n Koshuisstorie

Ontgroening (jammer, oriëntering) in die Koshuis is partykeer so snaaks dat die "kwaai" matrieks nog vir dae daarvoor kan lag . . .

**Hoekom ek onder die bed was toe die matrieks in die kamer was.**

Ek het die heerlikste stuk beskuit gehad wat ek by iemand in die kamer langsaan gekry het. Ek het dit op die bed neergesit terwyl ek my kerklere aangetrek het. Toe ek buk om my skoene aan te trek, het ek per ongeluk aan my bed gestamp en die stukkie beskuit het afgeval. Ek het afgebuk om dit op te tel, maar kon dit nêrens sien nie. Ek het gesoek en die beskuit aan die onderkant van die bed sien lê. Ek moes maar onderdeur die bed kruip om dit te kry.


Net toe ek onder die bed inkruip, het daar twee matrieks in die kamer gekom. Ek het gedink dit sou baie snaaks lyk as ek daar uitgekruip kom soos 'n siek hoender. Dalk sou die matrieks ook dink ek het vir hulle onder die bed weggekruip. Ek het toe maar onder die bed gebly en gewag tot hulle uitgaan, of wegkyk. Ek het gewag, maar die matrieks het gebly.

Skielik het juffrou Louise 'n foto onder die bed laat val en toe sy dit wou optel, het sy my daar sien sit. Sy was verbaas om my daar te kry. Ek het geskrik en gewonder wat sy van my sou dink. Sy het my beveel om onder die bed uit te kom. Ek het toe sommer ook my stuk beskuit opgetel. Om te dink dat daardie stukkie beskuit die oorsaak was dat ek nou hierdie lang opstel moet skryf. Die matrieks, juffrou Hannelie, juffrou

Anita en juffrou Louise, wou dadelik weet hoekom ek onder die bed was. Hulle sou my nie glo as ek hulle van die beskuit vertel nie, want almal het gedink ek het vir die matrieks weggekruip. Ek het toe maar stilgebly, en liewer niks gesê nie.

Ek dink ek moes toe eerder maar van die beskuit vertel het — 'n mens antwoord mos as jou juffrou met jou praat, maar ek was bang hulle glo my nie en raas met my daaroor.

Al sit ek nou onder my bed en skryf, dink ek nie ek sal dit weer onder die bed waag as daar 'n moontlikheid is dat daar 'n matriek kan inkom nie.



--- o O o ---

Hoekom verf olifante hul toonnaels pienk? Om hulieself te kamoefleer. Het jy dan al ooit 'n olifant met pienk toonnaels gesien? — Ne . . . (Wys jou hoe goed kamoefleer hulle hulieself!)

## KOSHUIS SE "BEROEMDE LAASTE WOORDE"

- Lynette:** "Standerd ses, vertel my: wat maak ek in hierdie plek?"  
**Madelein:** "Man, ek is bang ek kry nie die leerplan klaar nie . . . ba!"  
**Louise:** "Questionnn . . .?"  
**Elmien:** "Julle moet volgraanbrood op julle middies hê!"  
**Ema:** "As ek op 'n middie kom, dan dink ek: eët want dalk kry jy nooit weer nie."  
**Helen:** "Dis twintig oor nege en nou sal almal seker weer kom gesels"  
**Mona:** "Kan jy asseblief vir my chappies koop?"  
**Annemarie:** ". . . en hy is lank en . . ."  
**Solet:** "Ek het hom op in stoomskip gesit en Alaska toe gestuur!"  
**Pottas:** "Pas op dit kan dalk 'n misverstand word . . . vra my, ek weet . . ."  
**Pikkie:** "Ek hou nie van die dirigente foto's nie, daar waar ek is, is 'n gat!"  
**Hannelie:** "Sal julle asseblief stilbly, ek wil . . ."  
**Elsabé:** "As ek saam met my held gaan fliek sal ek totaly in 'n tantrum gaan . . ."  
**Kotie:** "Dis 'n ware roos!"  
**Amanda:** ". . . Juffrou en die ander metode . . ."  
**Hannelie Koen:** "Ja . . . vriendin . . ."

ek kyk vanmiddag deur die koshuistralies oor die rooi dakke by die kerk se koepel verby

tot daar waar die grys lug en die geel son saam kom want daar net daar woon jy

# PÊ?

## Die goeie oue tyd

In die goeie oue tyd het Affies Interhoër gehou op Wanderers. Die Seuns en Meisies het as een skool gegaan en Helpies was hulle kwaaieste teenstanders.

Weke voor die tyd het die Seuns al pouses oorgekom om liedjies te oefen op die grasperk by die swembad. Daar was net seuns dirigente en die meisies het na hulle geluister!

In die goeie oue tyd het die Affies trein gery. 'n Orkes het ook saam gegaan. Lank voor die tyd is die meisies al "gedate" vir die heerlike rit. Met die terugkom het die trein se ligte gewoonlik om een of ander rede uit gegaan. Op die stasie was daar ook 'n uitruilery van allerhande dinge soos rosette, pom-pom's en egte cheese cutters.

Maar, in die goeie oue tyd het die Meisies ook party kere die atletiek verloor. En soos ware here het die Seuns nie 'n woord daaroor gerep nie (hulle het altyd gewen).

In die goeie oue tyd het Affies ook rooi verbrand en hees geskree die aand in die bed geval en gedink: "dis darem heerlik om 'n Affie te wees!"

## Matriek-wyshede

— (Met erkenning aan Mnr. van Staden)

Eendag besluit ek om met vakansie na my swaer, 'n knapsak boer, naby Boshoff, omtrent dertig myl buite Kimberley te gaan./One day I decided to go with vacancy to my heavy who is a tight bag farmer near Subh Court, about three and thirty miles outside Kimberley.

Toe ek met my fiets oor die koppie kom, sien ek 'n luipeer wat my grootmoeder se agterkleinseun, Jakob, bespring/When I came over the little cup with my chic, I see suddenly a lazy horse that bejumps my big mother's back small son Yeshead.

Ek haal die magasyn van die geweer oor om hom te skiet, maar net die doppie klap/I fetch over the night viniger of the gun to also shoot him, but a little tot clangs.

Ek was 'n papbroek en gooi my haelgeweer neer, en hol na die plaashuis/I was a porridge-pants and threw down my hailgun to hollow to the place house.

Onderskeidingskandidaat

--- o O o ---

ek gly weg uit jou klas soos 'n stukkie wolk en plesier buite in die witson oor die blou-groen gras want vandag is 'n roudag in die wiskunde

Hoekom verf 'n olifant sy voetsole geel? — Om ongemerk, onderstebo in 'n bak vla te dryf.

--- o O o ---










## "ASTER" — OLOGIE

- SIMBOOL:** N 123456  
**ATOOMGEWIG:** Een veertjie  
**FISIESE EIENSKAPPE:** Kook maklik, vries sonder waarskuwing. Smelt as jy dit goed behandel. Baie beter as jy dit roekeloos behandel.  
**VOORKOMS:** Oral waar die teenoorgestelde geslag hulle bevind  
**CHEMIESE EIENSKAPPE:** Groot voorliefde vir alles wat mooi en duur is. Hoogs ontvlambaar as dinge nie na wense verloop. Kan groot hoeveelhede soetheid absorbeer. Word groen as dit langs 'n mooier element geplaas word verloor alle kleur in water  
**GEBRUIKE:** Die allerbeste absorbeerder van geld. 'n Uitstekend katalisator word as 'n baie tyd ornament beskou en bo alles is dit onmisbaar vir al wat 'n man is.



# Hoe intelligent is jy?



**ANTWOORDE**

- 1) Drie grade onder vriespunt.
- 2) Slang wat by 'n trap afseil.
- 3) Binnekant van Napoleon se baadjie.
- 4) Vark in mis
- 5) Meksikaan wat 'n eier braai van bo gesien
- 6) Spinnekop wat op sy hande staan.



# St. 9's by die skool...



Glimlaggies in "Fritos"-pakkies.




Kouende en knagende



Vlugtende voor akademiese



# MEAN MACHINE





## Affies weer konflik af

Atletiek uit die boonste rakke was te sien op die velde van AHS op 30 Januarie 1982.

Dit was 'n suksesvolle dag waarin Affies weer eens gewys het wat samewerking, veral vanaf die pawiljoen kon doen. Die blou en wit soos 'n golf van stormsee gelyk op die pawiljoen. Die Parkies en andere het nie eers probeer stemme verhef teen die oorverdwende krete van 'aamodiging uit die Affie-geledere nie.

Overkruin en C.R. Swart moes ligloop vir blitsige blitse. Dit was veral die juniors wat met pragtige prestasies na vore gekom het, by name van K. van Vuuren, B. Knoesen, J. Hacquebard, e.a. 'n Paar eerste plekke is behaal deur S. du Plessis 100m hekkies onder 19, K. van Vuuren dogters onder 13 verspring en 'n rekordverbetering in die 75m hekkies, en J. Hacquebard onder 14 100m dogters. Die onder 13 dogters aflosspan verbeter ook die bestaande rekord. Tweede plekke is was o.a. onder 13 verspring deur B. Knoesen, in gewigstoot deur Y. Slabbert, in hoogspring deur C. Hanekom. In die 400m onder 14 kom J. Malherbe tweede en ook 'n rekord word verbeter in die onder 14 aflosse.



## Bo/15 tennis

Affies se bo/15 tennis is hierdie jaar weer op volle sterkte. Reeds aan die begin van die jaar was dit duidelik toe die tennisklub oorval is deur aansoeke om lidmaatskap deur nuwe lede. Die getal lede van die tennisklub trek reeds naby die honderd.

Die groot getalle het ook duidelik hul voordeel gewys toe die bo/15's in hul eerste wedstryd van die jaar teen Boys High gespeel het. Boys High is ons sterkste teenstanders in die Pretoria-liga. Ons het met drie spanne by Boys High gaan speel en het van al die wedstryde slegs een verloor. Op die 20e Februarie het ons teen Grey Kollege gespeel wat as die sterkste tennisskool in die Vrystaat beskou word en weer maklik gewen sonder om 'n wedstryd te verloor.

Hierdie jaar is die bo/15-kampioenskappe tot later in die jaar uitgestel omdat ons uiters min spelers van verlede jaar verloor het en die spanne hoofsaaklik dieselfde bly. Die eerste span wat verlede jaar die Administrateursbeker gewen het, het slegs een speler verloor en ons het weer hierdie jaar 'n baie goeie kans om die Administrateursbeker te wen.

Daar word ook 'n toer deur die eerste en tweede spane na die Kaap beplan waar ons onder andere teen Paul Roos, Ikeys en 'n Westelike Provinsie juniorspan gaan speel. Ons bedank by voorbaat vir mnr Bezuidenhout en Van Huyssteen vir hul moeite. Die ligas begin ook eersdaags en ons wens die spelers voorspoed toe met hul voorbereiding



## Swem Interhuis Gala

Die 2e Februarie was weer eens 'n groot dag by Affies gewees toe die vier spanne kragte gemeet het in die water. Geen moeite aangaande inskrywings het opgeduik nie, veral nie by die matrieks nie.

Die skoot het geklap en die manne was weg. So af en toe kon 'n mens 'n persoon so tussen die skuim deur sien swem. Spanning het geheers toe die Koedoes en Hartbeeste kop-aan-kop geloop het, maar met 'n bietjie selfvertroue het die Koedoes die pyp gerook. Dereck Scheepers (snr) en Jan Bekker (jnr) het op die ou einde weggeloop met die twee Victor Ludorum — bekere. Die uitslag van die gala was soos volg: Eerste die Koedoes, tweede die Hartbeeste, derde die Koshuis(?) en vierde die Elande.

## Gerrit Maritz staan bont

Pragtige uitslae is behaal op Gerrit Maritz se velde op 6 Februarie 1982. Gereelde en getroue oefening was die wagwoord van die Affie-atlete. Een van ons land se atletiekaf- rigte het dan ook gesê: Die sukses van 'n atleet word deur 1% talent en 99% harde en eerlike oefening bepaal. Die volgende uitslae was 'n bewys van die stelling:

Eerste plekke: K. van Vuuren onder 13 in die 200m en 'n rekordpoging in die 75m hekkies en verspring: A. Gouws onder 13 in hoogspring en 100m. J. Hacquebard in verspring onder 14.

Tweede plekke: Y. Slabbert onder 13 met gewigstoot: J. Janse van Vuuren onder 14 in die 1500; J. Hacquebard onder 14 in die 200m; O. Pretorius in verspring onder 14; J. Malherbe onder 14 hoogspring; M.

Moolman onder 16 verspring; J. Schoonraad onder 16 spiesgooi en H. Meyer onder 16 200m hekkies.



## Waterpolo

In die verlede is daar nie eintlik aandag aan waterpolo geskenk nie. Dié jaar het mnr Brooks besluit om iets daaraan te doen. Hy het vir ons 'n afrigter van buite gekry, mnr. Botha.

Daar moes egter ook ge oefen word en omdat die skool nie die fasiliteite het vir waterpolo nie, moes ons by Hillcrest gaan oefen. 'n Eerste waterpolospan is uiteindelik gekies uit die min skoliere wat wou speel. Drie leerlinge het ook die Noord-Transvaalse onder-19 span gehaal. Ons eerste wedstryd was teen Clapham op 118 Februarie. Die spelers het hulle goed van hulle taak gekwyd. Ons wen die wedstryd 8-5. Die tweede wedstryd was teen Grey-Kollege op die 20ste Februarie. Dit het baie goed gegaan aan die begin, maar teen die einde was dit die stamina en fiksheid wat getel het, wat

die spelers nie meer gehad het nie. Ons verloor 15-5. Die volgende wedstryd was teen Menlopark wat op 11 Maart gespeel is na die Interhoër-swem.

Ek hoop dat daar in die toekoms meer leerlinge sal wees wat in hierdie sportsoort sal belangstel sodat dit ook sy regmatige plek op die sportleër kan inneem.



# Rugbyproewe

Dit is Dinsdag die 2e Maart 1982. Die atletiekseisoen is nou verby en die rugbyseisoen kruip al nader en nader. Omtrent 35 geesdriftige rugbyspelers wat al van die begin van die jaar as 'n eerstespan oefengroep ge oefen het, het middag na middag met die oog op mooi dinge, blink dinge, 'n Administrateursbeker om halfvier op Loftus B vergader. Almal was uitgehonger vir die nuwe rugbyseisoen.

Die 1981-seisoen was suksesvol, maar vanjaar gaan daar groot druk op die Wittes uitgeoefen word, want almal wil tog die Administrateursbekerweners verneder. Vanjaar gaan weer 'n groot jaar wees want daar is baie potensiaal en geesdrif onder die manne en hulle oefen elke dag gemotiveerd.

In die eerste en enigste 1ste span proefwedstryd het die manne hulle staal getoon en mnr. Van der Merwe en Venter is ten volle tevrede gestel. Na 'n uur en 'n half se proewe is daar eindelijk twee spanne gefinaliseer.

Wat die span self betref is daar 'n goeie voorry met Piet Scholtz aan die

spits. Daar is nog ietwat probleme met slotte want ons staatmaker, Kragbron, is beseer. Die probleem behoort egter voor die Administrateursbekerwedstryd opgelos te wees. Wat die losvoorspelers betref, is daar baie om van te kies. Gelukkig het ons nog verlede jaar se flanke, Jan en Marius Coetzee.

Wat die agterlyn betref, is daar nie 'n probleem nie. Johan, wat verlede jaar skrumkakel gespeel het, is nog hier. Daar word nog gesoek na 'n losskakel wat goed kan verdedig. Gelukkig is daar nog baie senters om van te kies. Gert en Derek behoort hier die leiding te neem. Daar is baie vleuels en manne soos Charlie en Koos staan hier voor in die tou. Op heelagter is daar egter geen probleem nie want Van sal sekerlik speel. Hy het al in sy dae manne soos Ronnie Lewin van Menloperk in die stof laat byt.

Namens Stroom-op alle sterkte aan die afrigters en die manne wat die wit trui oor die kop moet trek en voorspoed vir die seisoen. Hou die Wittes se naam hoog!

## GHOLF

Gholf by Affies is 'n sportsoort wat in die afgelope klompie jare al meer en meer aandag begin geniet het. Verlede jaar alreeds is daar in samewerking met Oos-Randse en Johannesburgse skole 'n gholf-liga gestig wat ongelukkig afgeskaf moes word a.g.v. onvoldoende fondse en vervoerprobleme.


Omdat gholf baie hoë geldelike eise aan sy spelers stel, het ons skool se gholfklub besluit om weer eens 'n junior toernooi te hou om fondse vir ons klub in te samel. Die beplanning is om hierdie toernooi te hou gedurende die winter-vakansie op die bane van die Pretoria Buiteklub. Daar sal 'n groot aantal pryse toegeken word. Aangesien die toernooi verlede jaar 'n groot sukses was, sal ek enige een wat belangstel aanraai om in verbinding te tree met ons gholfsekretaris J. Roestoff — Tel. 46-3307. (Die ouderdomsbeperking is 18 jaar — elke hoërskoolleerling).

Enige persoon/persone wat dan ook belangstel om junior gholf (veral in Affies) te bevorder is welkom om 'n donasie te maak wat dan in belang vir die toernooi aangewend sal word.

Die eerste gholfspan bestaande uit A. van der Walt, D. Erasmus, J.

Roestoff en G. Hugo beskik ook oor baie potensiel en ons wens hulle 'n voorspoedig jaar toe en alle voorspoed vir die komende Allied — Suid-Afrikaanse skole kampioenskappe.

Graag wil ons ook een van ons oudleerlinge, Frans de Groen, gelukwens met sy besondere prestasie in die afgelope klubkampioenskappe toe hy die kwalifiserende rondte gewen het met 'n telling van 70: 2 beter as baansyfer in die afgelope Noord-Transvaalse 'n gholf-liga te Swartkopsbuiteklub.



## R.S.A. SPORTS

ESSELEN STR. 211  
SUNNYSIDE TEL. 422637  
(oorkant Sunnyside Galleries)

Ingeskrewe Affies  
is almal welkom om  
ons winkel te besoek  
vir 10% korting op  
alle sportbenodigdhede



### DIE AFFIES SE WINKEL

Rugbytrui, -kouse, sweetpakke,  
kleurbaadjies, skooldrag

VINNIGE VRIENDELIKE DIENS

**SCHALK W. VORSTER**

Hatfield Galleries/Galerye  
Burnett Street/Straat - Pretoria 0083  
Tel.: (27) (012) 43-4855 43-4887



● *Sportvrou van die termyn*

# LILIAN HANEKOM



Lilian is op die 24ste Mei 1964 in Kimberley gebore. Haar laerskool-dae het sy van 1971-1977 te Skulkrans Laerskool deurgebring en reeds in st. 4 en 5 het haar besondere atletiektalent na vore gekom.

Die hoërskoollewe het haar egter nie afgeskrik nie en sy het puik prestasies gelewer. So byvoorbeeld het Lilian in 1979 Noord-Transvaalse kleure vir atletiek en landloop verwerf. Die items waarin sy die beste presteer is die 1 500m en die

3 000m.

Die afgelope atletiekseisoen het Lilian nie net puik atletiekprestasies met goeie tye gelewer nie, maar het sy haarself ook as 'n inspirerende kapteine bewys. Op haar stilvasberade manier het sy die atletiekspan moed ingeprent en besiel.

Daar sal nog met baie lof van 1982 se atletiekkapteine gepraat word. Haar kenmerkende sportman-ges het 'n stempel op Affies se atletiek afgedruk en ons hou styf duimvas vir jou atletiektoekoms!



Muis... Muis... Muis...

## Tennis teen Grey

Op Saterdag 20 Februarie het die jaarlikse kragmeting tussen Grey en Affies op ons bane plaasgevind. Twee bo-15 spanne en een 0/14 span het Affies besoek.

Tennis van hoogstaande gehalte dwarsdeur die dag, het Affies se eerste en tweede spanne tot welverdiende oorwinnings gelei. Die eerste span het gewys waarom hulle hierdie jaar weer eens die gunsteling is om die Administrateursbeker vir die tweede agtereenvolgende jaar te wen deur die sterk span van Grey met 8-0 te wen. Die tweede span het met dieselfde telling koning gekraai. Dit bewys hoekom Affies se tennis so hoog aangeskryf word en ook as die beste tennisskool in Suid-Afrika bestempel word.

Die 0/14 span het egter die wind van voor gekry en met 6-2 verloor. Hulle sal moet leer dat hulle net met die nodige toewyding en oefening sal kan presteer. Ons weet dat hulle aan die verwagtinge sal voldoen om sodoende voort te bou op Affies se trotse tennisverlede.

Sterkte vir die res van die jaar en hou die Administrateursbeker waar hy hoort.

## Affie-Krieket

Affies se eerste krieketspan het vanjaar weer sy merk in die "Eerste termyn-liga vir nie-atlete" gemaak. Die organisasie is weer in die bekwame hande van mnr. Hennie van Huyssteen gelaat en onder die leiding van Johan van der Merwe het die span tweede in die liga geëindig.

Die eerste wedstryd is gespeel teen Langenhoven. Affies het eerste gekolf en 170/6 aangeteken. Theo Butler het 40 lopies en J du Preez 30 lopies aangeteken. In hulle kolfbeurt het N. van Wyk 6/30 geneem. Langenhoven is uitgehaal vir 80 lopies. Affies begin dus die seisoen op 'n hoë noot deur te wen met 90 lopies. Vir wedstrydoefening het Affies teen 'n Naas Ferreira-Elftal, wat bestaan uit eerste- en tweede-liga spelers, gespeel. Johan van der Merwe het nietemin 28 lopies aangeteken.

Die groot dag het weer aangebreek en ons het Menlopark gepak. Ons het eerste gekolf en teken 140 lopies aan. Hansen blink uit met 60 lopies. Hulle het gaan kolf en met agt paaltjies plaat in die tweede laaste boulbeurt ons totaal verbygesteek. Was dit egter nie vir hande, wat ons in die steek gelaat het nie, kon ons dalk die wa deur die drif gesleep het.

Die laaste wedstryd was teen Tuine. Hulle het eerste gekolf en is uitgeknikker deur briljante veldwerk en 'n skitterende André Odendaal wat ses paaltjies vir net 10 lopies geneem het. Ons het hulle totaal maklik verbygesteek en wen met sewe paaltjies.

Dit is 'n belowende begin vir 'n jong span en ek is seker dat Affies die tweede plek gaan regmaak teen die einde van die jaar.

### FIKSHEID IS IN:

*Wil jy superfiks wees?  
Baie krag hê?  
'n Mooi en gesonde liggaam hê?*

Kom na 'n oud-Affie:  
**SUNNYSIDE GYM**  
Esselenstraat  
oorkant Martin Jonker Motors  
Tel 44-5344

*Spesiale tarief tussen 2nm en 5 nm*

● *Sportman van die Termyn*

# Petrus Frederick Brink

Petrus Frederick Brink is op die 18e Mei 1964 in Gaborone, Botswana, gebore. Reeds van jonks af kan 'n mens sien dat hy 'n sportman van formaat is. Hy het sy laerskool-loopbaan suksesvol, in 'n klein skooltjie, Laerskool Dwaalboom met omtrent 100 leerlinge, afgesluit. Hy het provinsiale kleure in rugby en atletiek verwerf. In standerd 5 was hy dan ook hoofseun van Dwaalboom en hy speel senter vir Verre Noord. Sy items waarin hy vir Noord-Transvaal gehardloop het, was die 80m en 150m naellope.

In 1978 kom hy na Affies waar hy in die koshuis tuis gaan. Hy het sedert standerd 6 diep spore in Affies se sport getrap. Hy was die afgelope 5 jaar goud werd vir ons atletiekspan. Derek het ook sy aandeel op die rugbyveld gelewer. In standerd 6 het hy vir die O/14 A span rugby gespeel, standerd 7 O/15, standerd 8 speel Derek 3de span en standerd 9 speel hy in die 2de span.


Derek was in standerd 6 lid van

die span wat die Administrateursbeker vir O/14's gewen het. As O/15 kom hy 2de op die Noord-Transvaalkampioenskappe en wen die silwer medalje vir verspring. Verlede jaar het hy weer hierdie besondere prestasie behaal.

Vanjaar het Derek 'n goue jaar op die atletiekveld beleef. Hy het die 400m-rekord op feitlik elke byeenkoms verbeter. Hy het reeds vir die Noord-Transvaalkampioenskappe gekwalifiseer en sy items is die 400m en verspring. Derek staan vanjaar 'n goeie kans om SA's toe te gaan en om vir die Wittes rugby te speel.

Derek beplan om volgende jaar B.Com.Rek. aan die Universiteit van Pretoria te studeer. Daarna sal hy in besigheidbestuur verder in Amerika gaan studeer. Hierna wil Derek hul boerdery oorneem.

Stroom-op wens Derek alles van die beste vir volgende jaar toe. Mag sy naam nog lank in die rekordboeke opgeteken staan en ons hoop hy sal nog vele prestasies op die sportveld behaal.



Direk op pad na SA's

## Interhuis-Aletiek

Gedurende die week voor 23 Januarie het die skole rondom ons gereeld rooi-en-groenkrete gehoor weerklank vanuit die Seunskool. Dit was egter nie 'n geval van nog 'n "Case of the Murdered Schoolboy" nie, maar 'n interhuis wat naderkom.

Die spanning het soos hoogspanningsdrade deur die skool geloop en die Vrydag kon die matrieks dit nie meer uithou nie en het hulle by die meisies die spanning gaan verlig. Mej. Holtzhausen het haar samewerking gegee en die meisies het ons voor die skool kom bystaan. Uiteindelik het Saterdagoggend wel aangebreek.

Die oggend het sommer besonder vroeg vir 'n Saterdag begin, om 07h45. Die hoogspanningslyne is na die A-veld verskuif en toe die dirigente van die verskeie spanne eers opdaag in hulle duinebesies, antieke en sportmotors, het die vonke begin spat en is die atlete aangespoor tot hulle uiterstes, soos die stuk of agt nuwe rekords wat opgestel is, getuig. Oud-leerlinge het gekom en gesê dat dit 'n interhuis is waar hulle die gees en spanning reeds

by Redelingshuyspoort kon aanvoel.

Rekords wat opgestel is, is soos volg: HS O/14 D. Bothma 1,65m; 400m O/19 D. Brink 50,95; 1 500m O/14 J. Adelaar 4:42,3 min; 80m H O/14 T. McDonald en A. du Toit 13,3s; HS O/15 T. Hugo 1,7m, GS O/15 A. Odendaal 13,25m; 1 500m O/16 M. Grünling 4,29 min.

As jy egter na ander statistieke kyk sal jy sien dat die Hartbeeste 27 eersteplekke behaal het, terwyl die Koshuis 25 eersteplekke behaal het, tog het die Koshuis met 'n puntetotaal van 413 teenoor 323½ van die Hartbeeste geëindig. Miskien 'n pluimpie vir die Koshuis se diepte, maar is dit nie maar massadeelname nie?

Die Geesbeker is onder sterk kompetisie deur die Hartbeeste gewen. Die groototaal is deur die koshuis en die aflosbeker deur die Hartbeeste gewen. Die junior Victor Ludorum was Tinus Hugo en die senior Victor Ludorum Gerrie Swart. Stroom-op wil graag sy dank betuig aan die organiseerders onder leiding van mnr. Swanepoel vir die puik byeenkoms.